


# "God se Huisreëls" Eksodus 19:1,3-6; 20:1-17

Binne die geloofsreis van die Israeliete word die Eksodus-verhaal 'n universele storie waarin ons die tema's van verslawing of vasgelooptheid tot bevryding raaklees met al die lewenslesse daarin opgesluit vir ons eie lewe vandag. Daar is belangrike merkers in die storie wat die tafel dek vir 'n diep verbondsteologie wat die volk van God afsonder, eenkant sit, heilig as die draer van die God-storie vir die ganse wêreld.

In die verhaal leer ons dié God ken as misterieus. Hy wys nie sommer sy gesig nie. Moses ontmoet hom in 'n brandende bos aan die voet van die sogenaamde *Berg van God*. Sy naam is te groot om uit te spreek – die misterie weerklink in hoe Moses God aan die Farao voorstel – *Ek is.* 10 vreemde plae waarin die gode van die Egipte heellaas uitgedaag word, is God se wapen teen die Farao om sy mense te laat trek. Sy teenwoordigheid is in 'n wolk en 'n vuurkolom. Hy laat die Rooi See opdam sodat die volk droogvoets kan deurloop, en maak die see toe op die soldate van Egipte wat hulle agternasit.

Betekenisvol dat hulle 3 maande na die uittog in die Sinaiwoestyn weer by die *Berg van God* uitkom daar waar Moses die opdrag gekry het om die volk te gaan bevry. Baie meer as 'n toevalligheid. Die berg word 'n besonderse plek van openbaring binne die woestyn wat die spasie word waarin die volk moet leer wie hulle is met huisreëls wat hulle moet help om dit al hoe meer te word.

Eksodus 20 kan nie in islolasie gesien word nie. Eksodus 19 skep die konteks met v 4-6 wat poog om die misterie van God, sowel as die roeping van Israel, poëties vas te vang:

*Op die vlerke van arende,*
*uit die wurggreep van Egipte*
*tot by die voet van belofte berg*
*waar die braambos gloei*
*die onverganklike*
*groot garansie*
*van die onsigbare God*
*wie se naam soos asem*
*skaars hoorbaar*
*oorverdowend donder*
*Ek is*
*en jy my kosbare kind* (FR)

Betekenisvol dat God vir Moses sê: *So moet jy vir die nageslag van Jakob, die Israeliete vertel…*Hier by Horeb, God se berg, wil God hê die volk moet mooi oplet. Onthou wie hulle is, nagslag van Jakob, God se verbondsvolk.

*Julle het gesien wat ek aan Egipte gedoen het…*

*Moenie vergeet hoe Ek julle op arendsvlerke gedra het, en na My toe gebring het nie…Bly by die Verbond en weet julle is my eiendom, my koninkryk, priesters,'n heilige nasie, afgesonder vir My.*

Die misterie van die God word verder onderstreep as Moses op en af teen die berg om te gaan hoor wat God vir sy volk wil sê – hulle op 'n afstand aan die voet van die berg omdat sy teenwoordigheid so oorweldigend is. In rook, donderslae en 'n berg wat bewe maak Hy Homself verder bekend. Tot Hy op 'n kliptafel met sy vinger 10 woorde uitgrafeer wat die kern van sy huisreëls word, nie net om veilge grense vir sy volk te stel waarbinne hulle kan leef nie, maar wat die uniekheid van God kom onderstreep, en ook die uniekheid van die mense aan wie Hy Hom kom verbind het.

Die aanhef van die dokument is belangrik: *Ek is die Here jou God wat jou uit Egipte, die plek van slawerny bevry het*. Hierdie is 'n Freedom Charter, 'n bevrydings-dokument en wat hierop volg kom bevestig die unieke en misterieuse aard van God. Hy is EEN, en ENIG in sy soort – ander gode is hier nie welkom nie. En soos sy naam aandui, kan Hy nie vasgeverf word of gegiet word waarop ek met oortuiging kan sê "so is Hy" nie. Daarom kan ons nie afbeeldings van Hom maak nie. Hy is altyd meer en groter. In hierdie "freedom charter" word die mense, God se volk ook onderskei van ander. Moeder en Vader is belangrik (veelseggend in 'n patriargale kultuur). Verhoudings is uniek en belangrik, die lewe van mens en dier is uniek en moet gerespekteer word…

Hierdie huisreëls is en was nooit bedoel om enige iemand uit te vang, óf jou lewe in te perk nie. Nee, dis gegee om om ingeoefen te word; sodat liefde en respek vir God en mens só deel van elkeen sou word, dat hulle nie eers daaraan dink nie, maar dit eenvoudig net doen en leef.

Jammer dat die volk dit misverstaan het, dat dit 'n eksterne lokus van kontrole geword het eerder as iets wat op hulle harte geskryf is. Dit het Christus gekos om die waarheid hiervan te ontsluier toe Hy kom leer het dat die hele wet en al die profete hieraan hang – *gaan hê lief*…

**Nou is die tyd – Hafiz (Vertaal JvZ)**

Nou is die tyd om te weet
dat alles Heilig is.

Hoekom nie 'n wapenstilstand
oorweeg tussen jou en God nie?

Nou is die tyd om te verstaan
dat al jou idees van reg en verkeerd
maar net hulpwiele was om weg te gooi
sodat jy uiteindelik vry kan leef
in waarheid
en liefde.

Jy is 'n goddelike gesant
waarop God
'n heilige boodskap kom skryf.

Vertel my hoekom jy steeds
jou hart ondergrawe
en God wantrou?

Watter stem in jou
maak die vrees wakker?

Nou is die tyd dat die wêreld moet weet
dat elke gedagte en aksie Heilig is.

Nou is die tyd
om die onmoontlike te bereken –
alles is genade.

Nou is die seisoen om te weet
dat alles wat jy doen en is,
Heilig is.